 Talle boere kan ‘n finansiële nekslag toegedien word wanneer versekeringsmaatskappye nie brandverspreidings eise betaal nie omdat daar nie voldoen is aan die Wet op Veld- en Bosbrande nie.

Die wet vereis van boere om brandstroke aan weerskante van hul grensheinings aan te bring en om altyd opgeleide werkers met die nodige beskermende klere en brand bestrydingstoerusting beskikbaar te hê.

Boere kan ook by Brandbeskermingsvereningings aansluit (BBV’S).

Wat is die pligte van `n BBV?

`n Brandbeskermingsvereniging moet `n veldbrandbestuurstrategie ontwikkel en toepas, strategieë en aksies met aangrensende BBV's koördineer, reëls vir lede neerlê, die opleiding van lede ten opsigte van die bestryding van brande organiseer en brande so ver moontlik bestuur en voorkom asook inligting verskaf oor toerusting en tegnologie.

Is lidmaatskap verpligtend en hoe word jy `n lid?

Met die uitsondering van munisipaliteite en die staat is lidmaatskap vrywillig. Munisipaliteite moet toesien dat hierdie verenigings in hul gebiede volgens wet gestig en onderhou word. Kontak jou plaaslike boerevereniging of skakel die Departement van Waterwese en Bosbou vir meer inligting.

Moet elkeen `n brandstrook maak?

As daar `n brand op jou grond kan ontstaan, of as `n brand van jou grond af kan versprei, moet die eienaar van die grond `n brandstrook aan die grense van die grond maak en onderhou. BBV's het egter die reg om volgens goeddunke op
`n erkende of konstitusionele vergadering te besluit of hul brandstroke in hul omgewings wil hê, al dan nie. Die besluit is onderhew ig aan `n aansoek deur die betrokke BBV by die minister.

Moet dit presies op die grens wees?

Nie noodw endig nie. Eienaars van aangrensende grond kan instem om `n gemeenskaplike brandstrook weg van die grens tussen hul eiendomme te maak.

Moet die buureienaar betrokke wees wanneer `n brandstrook gebrand word?

Ja, die wet het `n hele aantal voorskrifte hieroor.  Wanneer beplan word om `n strook aan die grens van die grond te brand, moet die bure vooraf `n dag bepaal,

so nie moet die een buureienaar die ander een minstens 14 dae vooraf skriftelik kennis gee. Grondeienaars kan gelyktydig brandstroke maak en wanneer slegs een eienaar brand moet die ander een ook teenwoordig wees (persoonlik of verteen
woordig deur `n agent). Die een wat nie brandstroke maak nie moet nogtans sorg dat hy genoeg mense aan sy kant van die grens het om te keer dat die brand versprei.

Wat word bedoel met die instandhouding vanbrandstroke?

Die brandstrook moet effektief bly om te keer dat `n veldbrand daaroor versprei. As dit begin toegroei, moet dit weer skoongemaak of gebrand word.

Wie besluit of `n eienaar `n brandstrook moet maak?

Die Wet bepaal dat alle eienaars op wie se grond `n veldbrand mag uitbreek of versprei, brandstroke moet maak. Die minister (bedoelende die Departement van Waterw ese en Bosbou) kan ook in die toekoms gebiede afkondig waar dit verpligtend sal wees om brandstroke te maak.

Is daar enige uitsonderings?

Ja, indien daar goeie redes is, kan die minister enige eienaar of groep eienaars vrystel van die plig om brandstroke te maak of spesiale voorwaardes stel vir so `n vrystelling. BBV's kan ook aansoek doen om vrystelling vir die maak van brandstrokein sekere areas van die land.

Wat moet jy doen as jy `n brand ontdek wat gevaar kan inhou?

Alles in jou vermoë om te keer dat die brand versprei asook geblus word. Dit is raadsaam om dadelik die eienaars van aangrensende grond, jou BBV, die munisipaliteit, polisie en jou versekeraars in kennis te stel van die brand wat woed. As `n eienaar of persoon in beheer van die grond nie redelike stappe neem om die brand te blus of te beperk nie, kan hy aan `n misdryf skuldig bevind word, dis nou afgesien van alle moontlike eise om skadevergoeding.

Wat gebeur wanneer `n brand ontstaan terwyl die eienaar afwesig is?

Die eienaar moet sorg dat daar in sy afwesigheid verantwoordelike persone is w t die brand sal bestry en die eienaars van aangrensende grond daarvan in kennis sal stel.

Wat as die eienaar nie teenwoordig is nie of die grond verhuur word?

Die woord `eienaar' beteken ook die huurder of enige ander persoon wat die grond beheer, sodanige persoon/persone moet dus die brandstrook maak en onderhou.

Hoe moet die brandstrook lyk?

Dit kan skoongebrand, geskoffel of geploeg word, of die gras en plantegroei kan met `n chemiese middel (soos Roundup, waarvan daar verskillende handelsmerke is) doodgemaak en verwyder word.

Hoe groot moet die brandstrook wees?

Dit moet breed en lank genoeg wees om redelikerwys te voorkom dat `n brand bo-oor die strook kan versprei. `n Mens moet die plaaslike toestande soos die weer, klimaat, terrain en plantegroei in ag neem. Die brandstrook moet ook `redelik vry wees' van brandbare materiaal w at dalk `n veldbrand oor die strook kan laat beweeg.

Moet altwee die bure langs hulle gemeenskaplike grens brandstroke maak?

Ja, elke eienaar is verplig om tussen sy grond en enige aangrensende grond `n brandstrook te maak.

Wanneer mag ‘n brandstrook nie gebrand word nie?

As die brandbeskermingsvereniging teen die voorgestelde brand beswaar aanteken, of wannee r die brandgevaar in die streek hoog aangeslaan word, of
die toestande nie bevorderlik vir die brand van brandstroke is nie.

Mag jy privaatgrond betree indien daar `n brand is?

Ja, as jy meen dat `n brand op enige grond gevaarlik is en lew ns, eiendom of die omgewing kan bedreig, kan jy (en jou werkers) daardie grond betree om die brand te help bestry of te blus.

As jy op iemand anders se grond `n brand bestry en daar ontstaan skade, kan daardie eienaar van jou eis?

Die wet sê dat jy in die proses van brandbestryding enige grond mag betree, enige bome, gras, oes-gewasse of ander plantegroei mag vernietig, by enige perseel mag inbreek, of enige voertuig of ander implemente mag verwyder in die uitvoering van jou brandbestrydingspligte.

Hoe word die nalatigheid van `n boer of sy werknemers regtens om skryf?

Kragtens ons gemene reg sal `n persoon aanspreeklik wees weens nalatigheid indien `n sogenaamde `redelike' persoon in daardie boer/werknemer se posisie die `redelike' moontlikheid sou voorsien het dat sy optrede of nalatigheid skade aan iemand anders kan veroorsaak. Dieselfde persoon sou ook aanspreeklik wees indien hy/sy stappe kon geneem het om sulke skade te verhoed maar versuim het om dit te doen.

Twee bure, waarvan slegs een aan `n BBV behoort, ondervind `n wegholbrand wat vanaf hulle plase na ander plase versprei. Hoe verskil hul posisies?

Artikel 34 van die Wet bepaal dat indien `n persoon in `n siviele eis aangespreek word vir skade weens nalatigheid as gevolg van `n veldbrand wat:

a) deur die verweerder (persoon wat gedagvaar word) veroorsaak is; of

b) begin het op of versprei het van grond wat deur die verweerder besit word, en daar `n vermoede van nalatigheid teen hom sal geld indien hy nie lid is van `n BBV in die gebied w aar die brand voorgekom het nie, daar `n omgekeerde bewyslas in die hof sal wees, in die sin dat die persoon wat aanspreeklik gehou word (gedagvaar word) die bewyslas sal dra om sy onskuld te bewys, hetsy ten aansien van die stigting van die brand of verspreiding daarvan vanaf sy plaas na die eiser se plaas. Hierdie omgekeerde bewyslas (vermoede van nalatigheid) geld slegs indien die verweerder nie `n lid van `n plaaslike BBV is nie. Indien hy wel `n lid is sal die eiser die bewyslas dra om nalatigheid aan die verweerder se kant te bewys, hetsy ten aansien van die stigting van die brand of ten aansien van die verspreiding daarvan na ander plase.

Boere word dus aangemoedig om by plaaslike BBV's aan te sluit. Neem ook kennis dat dit die plig van die grondeienaar is om op hoogte van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande te wees.

‘n Volledige kopie van die brandwet is beskikbaar by

http://www.dwaf.gov.za/documents/forestry/tact101.pdf

Inligting verkry vanaf : Dries Fourie - AFGRI Versekering